



Die Doelbewuste Opvoedkundige Oortuigings van die IEB

Die IEB werk binne 'n opvoedkundige omgewing van uiterstes – staats- en onafhanklike skole; goed-toegeruste en onder-toegeruste skole; buitengewone onderrig wat baie goed met die beste in die wêreld vergelyk en klaskamers waar, ten beste, onderrig sinoniem is met die lees uit 'n stel aantekeninge of uit 'n handboek, indien 'n onderwyser enigsins teenwoordig is; skole waar integriteit en besorgdheid oor die algemene belang oorheersende waardes is en ander waar sukses op enige wyse moontlik verkry word, buig of bars, waar waardes tweede kom ná die individu se eie behoeftes en begeertes. Mens kan sonder ophou die verskeidenheid uiteenlopende houdings, situasies en ervarings beskryf wat duidelik uit die opvoedkundige landskap van ons land, ons streek en ons kontinent blyk.

Gekonfronteer met die dilemmas wat onderwys in Suid-Afrika behels, het die personeel en raadslede van die IEB nagedink oor ons oogmerke om aan die opvoedingsprojek in hierdie streek deel te neem. Ons begryp duidelik dat opvoeding net soveel 'n filosofiese onderneming is wat deur sosiale sowel as opvoedkundige waardes ondersteun word, as wat dit 'n tegniese oefening is wat deur 'n professionele liggaam van vakkundiges uitgevoer word. Dit was die begeerte om die filosofiese steunpilare van die IEB se werk duidelik te maak wat tot die formulering van hierdie verklaring gelei het – *Die Doelbewuste Opvoedkundige Oortuigings van die IEB*.

In hierdie verklaring het ons probeer verduidelik wat ons as die opvoedkundige doel van 'n organisasie soos die IEB sien. In ons assesserings en verwante aktiwiteite poog ons om skole en onderwysers aan te moedig om leerders van geleenthede te voorsien om onderwerpe te verken, aan aktiwiteite deel te neem en aan besprekings en debatte blootgestel te word wat die soorte vaardighede en houdings ontwikkel wat ons glo elke moderne lid van ons gemeenskap moet bemeester. Ons ingewikkelde wêreld en ons eie, baie ingewikkelde gemeenskap vereis burgers wat nie net dapper is nie maar ook daartoe in staat is om te bepaal wat ons benodig en hoe om daardie beter wêreld tot stand te bring. Die IEB doen alles moontlik om te verseker dat ons assesserings wêreldwyd kompetender is en dat ons leerders toegang het tot assesserings wat op die hoogste vlak kompeteer. Ons glo dat wanneer die geleentheid hom voordoen ons leerders van ons streek daartoe in staat is om langs die top globale presteerders te presteer; dit is die dryfveer van die IEB se Gevorderde-programme en ons deelname aan internasionale basistoetse.

Dit is hierdie geloof in die gehalte van ons leerders en ons nasie wat die IEB inspireer om 'n invloed uit te oefen wat die opvoedkundige belewenis verder laat reik as assessering.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die IEB hierdie verklaring voorlê as dit waarvoor die IEB staan as 'n opvoedkundige instelling.

Die Doelbewuste Opvoedkundige Oortuigings van die IEB

Die **visie** van die IEB is om gehalte onderrig en leer in Suid-Afrika te bevorder deur middel van 'n assesseringsproses van integriteit, innovering en internasionale vergelykbaarheid. Die IEB is bewus daarvan dat assessering noodsaaklik is om leerders te ontwikkel wat verantwoordelike Suid-Afrikaanse burgers is en daartoe in staat is om die uitdagings van 'n globale wêreld te hanteer. Deur ons assesserings is ons gemotiveer om leerders te ontwikkel wat:

- kritiese gebruikers is van inligting
- etiese redenaars is
- probleemoplossers is
- kreatiewe en nadenkende denkers is
- lewenslange leerders is
- lede is van die gemeenskap wat respek vir diversiteit het, veral in die Suid-Afrikaanse konteks
- aktiewe landsburgers is wat daartoe verbind is om die beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die welsyn van alle mense te handhaaf.

Die IEB ondersteun die posisie dat die aktiewe bevordering van kwaliteitsopvoeding vir elke Suid-Afrikaanse burger noodsaaklik is in die totstandkoming van 'n regverdig, oop gemeenskap wat rus op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menslike regte, waarin kulturele diversiteit waardeer en omhels word.

Die IEB se **missie** is om 'n beduidende, voortgaande bydrae tot menslike hulpbronontwikkeling te maak deur die ontwerp, lewering en bevordering van 'n wye reeks, hoë gehalte, bekostigbare assesseringsprodukte en –dienste vir alle sektore.

Die werk van die IEB word ondersteun deur 'n verbintenis tot die volgende **waardes**: integriteit, respek, verbintenis en diens, professionalisme, kommunikasie, kwaliteit, en spanwerk.